# Matters of Moment

# Sake van Belang

This issue of **Curationis** presents articles/papers on various matters of moment to the nursing profession and many of them are of universal application. There is no specific theme as such but there may well be more than one article in a particular field.

There are, in fact, three papers on geriatric care, delivered at the national conference on the subject held in Pretoria in October this year.

The first, the opening address by the Secretary for Health, Dr. Johan de Beer, highlights the nurse's role in caring for the rising number of elderly people in homes for the aged, hospitals and the community, and the great need for education and training in geriatrics. Another paper stresses the need for welfare organisations which are geared to meeting the primary emotional and physical needs of the aged, while a third points out that unless members of the therapeutic team themselves believe in the meaning of life and the irreplaceable value of every person's life, they cannot impart to any other person a sense of meaning in his own existence.

A genetic nursing sister describes recent work done in connection with the Waardenburg Syndrome — inherited deafness with pigmentary involvement — by the Department of Human Genetics of the University of Cape Town and Groote Schuur Hospital which has undertaken a number of studies in schools for the deaf in which the genetic nursing sisters working in this department (the writer of the article herself one) have participated.

"Patient-Response to Hospitalisation", the title of an address given at a hospital diploma ceremony earlier this year, highlights a problem of modern nuclear and industrialised society of which hospitalisation is an integral part, for, as the writer points out, "in today's striving towards maximal therapeutic efficiency the understanding of the patient as a person tends to suffer."

The organised distribution of health education information followed up by purposeful personal and community use of the information are the two prerequisites for knowledge about health and health matters. An article describes how these two prerequisites were declared the primary objectives of the Health Year organisation of the Cape Provincial Administration.

*continued on page 2*

Dié uitgawe van **Curationis** bied artikels/referate oor verskeie sake wat vir die verpleegberoep van belang is en baie van hulle is oral van toepassing. Daar is nie juis 'n bepaalde tema nie maar dit is goed moontlik dat daar meer as een artikel op 'n bepaalde gebied kan wees.

Daar is trouens drie referate oor geriatriesorg wat by die nasionale konferensie oor dié onderwerp in Pretoria vanjaar gelewer is.

Die inleidende referaat deur die Sekretaris van Gesondheid, dr. Johan de Beer, beklemtoon die verpleegkundige se rol in die versorging van die stygende aantal bejaarde mense in tehuise vir bejaardes, hospitale en die gemeenskap, en die groot behoefte wat daar aan onderwys en opleiding in geriatrie bestaan. Nog 'n referaat beklemtoon die behoefte aan welsynsorganisasies wat op die belangrikste emosionele en liggaamlike behoeftes van bejaardes ingestel is, terwyl 'n derde daarop wys dat, tensy lede van die terapeutiese span self in die betekenis van die lewe en die onvervangbare waarde van elke mens se lewe glo, hulle nie aan iemand anders 'n sin vir die betekenis van sy eie bestaan kan oordra nie.

'n Verpleegsuster in genetika beskryf werk wat onlangs i.v.m. die Waardenburgsindroom gedoen is — oorgeërfde doofheid met pigmentering daarby betrokke — by die Departement Menslike Genetika van die Universiteit van Kaapstad en die Groote Schuur-hospitaal wat 'n aantal studies in skole vir dowes onderneem het waaraan die genetikaverpleegsusters wat in die departement werk (die skrywer van die artikel was self een), deelgeneem het.

"Pasiëntereaksie op Hospitalisasie", die titel van 'n referaat wat vroeër vanjaar by 'n hospitaaldiplomaplegtigheid gelewer is, onderstreep een van die probleme van die hedendaagse kern- en nywerheidssamelewing waarvan hospitalisasie 'n essensiële deel vorm, want, soos die skrywer aantoon, "in vandag se strewe na die maksimum terapeutiese bekwaamheid is die begrip van die pasiënt as mens geneig om daaronder te ly".

Die twee voorvereistes vir kennis van gesondheid en gesondheidsake is die georganiseerde verspreiding van gesondheidsvoorligting wat opgevolg word deur doelgerigte gebruik van die inligting deur die persoon self en die gemeenskap. 'n Artikel beskryf hoe die twee voorvereistes as die vernaamste doelstellings van die Gesondheidsjaar se organisasie van die Kaaplandse Provinsiale Administrasie aangekondig is.

*vervolg op bladsy 2*